**Brief 7**

*Rede vir kennisgewing: Verlore rekords / rekords wat nie bestaan nie – Artikel 23*

Verw.no. : ***Inrigting se briefhoof***

Navrae :

**KENNISGEWING VAN REKORD WAT VERLORE IS OF NIE BESTAAN NIE INGEVOLGE ARTIKEL 23 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)**

Ek verwys na u versoek om toegang tot rekords van hierdie inrigting gedateer _______________.

U word hiermee in kennis gestel dat die rekord wat u versoek *verlore is / vernietig is / nie bestaan nie.

‘n ***Beëdigde verklaring / bevestiging** waarin al die stappe uiteengesit is wat gedoen is om die rekord op te spoor / uit te vind of die rekord bestaan en mededelings op skrif van al die persone wat by die soektog betrokke was, word hierby aangeheg.

Aangesien die versoekte rekord dus verlore is / vernietig is / nie bestaan nie **, sal u versoek om toegang tot dié rekord(s), ingevolge artikel 23(3) van bogemelde Wet, as geweier beskou moet word.

**Reg tot appèl**
Ingevolge artikel 25(3)(c) van bogemelde Wet kan u ‘n interne appèl teen die weiering aanteken.

Indien u teen hierdie weiering wil appelleer, sal u ‘n interne appèl ingevolge die bepalings van artikel 74 van bogemelde Wet aan die Tersaaklike Owerheid (Hoof: Onderwys, Wes-Kaap Onderwysdepartement) moet rig.

Ingevolge die bepalings van artikel 75 van bogemelde Wet, moet so ‘n interne appèl binne 60 dae op die voorgeskrewe interne appèlvorm (VORM C) by die Inligtingsbeampte van hierdie inrigting afgelewer of aan hom of haar gestuur word.

Posadres : ______________________________________________
Kontaktelefoonnommer : ______________________________________________
Faksnommer : ______________________________________________
E-pos : ______________________________________________

U appèl moet ingevolge 75(3)(a) van bogemelde Wet vergesel word van die voorgeskrewe appèlgeld van R50,00.

Ingevolge artikel 75(3)(b) van bogemelde Wet kan die beslissing oor die interne appèl uitgestel word totdat die appèlgeld betaal is.

Indien u nie tevrede is nie nadat die interne appèlprosedure uitgeput is, kan u deur middel van ‘n aansoek binne 30 dae by ‘n hof om paslike regshulp aansoek doen.

**ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE**
**DATUM:**

**Skrap waar van toepassing.*
***Indien vernietig ingevolge gemagtigde wegdoeningsgesag / riglyne, heg afskrif aan.*

<u>**Verslagvorm**</u>

**SOEKVERSLAG INGEVOLGE ARTIKEL 23(2) VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)**

Ek, ____________________________, die ondergetekende verklaar hiermee dat die onderstaande waar en korrek is:

1. Die volgende stappe is gedoen om die betrokke rekord op te spoor / uit te vind of die rekord bestaan:*

 ____________________________________________________________________

 ____________________________________________________________________

 ____________________________________________________________________

 ____________________________________________________________________

2. Die volgende mededelings van alle persone wat by die soektog betrokke was, word hierby aangeheg.

3. Die totale soektyd vir die rekord was ___________ ure en ___________ minute en dit is as volg bepaal:*

| **Datum** | **Soeker (voorletters en van)** | **Plek gesoek** | **Gesoek van:** | **Gesoek tot:** | **Totale tyd** |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

Gedateer te ___________________________ op hierdie ________________ dag van ___________________________.

Verklaarder : ____________________________

Kommissaris van Ede: ____________________________

**Skrap wat nie van toepassing is nie.*